Newsletter

Desember 2011

your mission our passion

Cell
082 777 3909

Fax
086 544 3814

E-mail
beyers@go-ministries.com

Website
www.go-ministries.com

Banking Details
Account Name: Go
Bank: Absa Savings Account
Account Number: 268 305 440



Ps 145 :10-12
Al u werke loof U, o Here en u gunsgenote Prys U.
Hulle maak melding van die heerlikheid van u koninkryk en spreek van u mag, om aan die mensekinders sy magtige dade bekend te maak en die glansryke heerlikheid van sy koninkryk.

Friemersheim 2011

Dit voel onwerklik om aan die einde van 2011 te wees!
Met ’n terugblik oor die jaar word ons bewus van die Here se groot genade en liefde oor ons almal.
’n Mens kan so geneig wees om te fokus op als wat gebeur en gedoen moet word dat ons Jesus uit die prentjie verloor.
Hy moet ons eerste liefde bly en Hy moet as Koning op die troon regeer oor alles wat ons doen en beplan om te doen!

Daarom is ons gebed vir jou in hierdie feestyd dat Jesus Christus gestalte in jou sal vind en Hy die Koning op die troon van jou lewe sal wees.

Empowering Christians for Mission . . .

Zanè

Met die terugblik oor die jaar, was die ondervinding met Zanè die mees dramatiese gebeurtenis nie net van 2011 nie maar ook van ons lewens. Die jaar het begin met die afskop van chemoterapie. Mens besef dat niemand jou vir so iets kan voorberei nie, maar dat dit net deur die Here se genade is dat ons deur alles gedra is. Die krag van gebed het vir ons ’n groter realiteit geword. Weereens baie dankie vir almal wat gebid het. Einde September was daar weer ’n MRI scan gedoen ongeveer ’n jaar nadat die gewas verwyder is. **Prys die Here dat alles mooi herstel het en dat Zanè nou weer heeltemal gesond is!**

Friemersheim Sopkombuis

Ons kan net getuig van die goedheid van die Here en Sy hand van voorsiening oor hierdie sowat 30 kinders. Dit was vir ons moontlik om weekliks vir die kinders kos te voorsien. Buiten die kos was daar ook in klere en speelgoed deur verskeie gesinne bygedra. Daar was ook drie uitreik geleenthede waarby gesinne van Mosselbaai besoek afgelê het om Jesus se liefde op ’n praktiese manier met die kinders te kon deel.

Met die laaste uitreik het Christelle ook vir die kinders ’n les gegee waardeer hulle nie net die evangelie boodskap beter kon verstaan nie, maar ook dit self met hulle maatjies kan deel. Daar was ook ’n poppekas en almal is met heerlike roosterkoek en tuisgemaakte koffie getrakteer.

Op die 25ste November het ons die kinders na Blasters, ’n binnenshuise speelpark, geneem vir hul afsluiting. Nie net die besoek nie, maar selfs die pizza was vir sommige ’n eerste belewenis gewees. Elke kind het ook ’n pragtige geskenk gekry.

Baie dankie vir Attie en Suzette se betrokkenheid en hulp met die organisasie. Baie dankie aan almal wat klere speelgoed en donasies gegee het, asook vir elkeen wat fisies besoek kom aflê het. Sonder julle sou hierdie projek nie suksesvol kon wees nie.

Bid asseblief saam ons vir elkeen van hierdie kinders se persoonlike verhouding met die Here.

Tent in ASLA

Middel November het Beyers die gemeente van Pastoor Deon Fassi in ASLA Park - Mosselbaai gehelp om die tent wat deur AGS Mosselbaai geskenk is vir hulle op terig.
Baie dankie aan Sarel Oosthuizen wat gehelp het met die gelykmaak van die terrein.
Pastoor Fassi is bykans twee jaar in hierdie area aan die werk en het tans 'n gemeente van 67 mense. Hulle het eers in 'n kleiner tent bymekaargekom, maar diè het vir sy gemeente te klein geword. Die eerste Sondag nadat die tent opgerig was, was daar ongeveer 130 mense by die byeenkoms.

Bid asseblief vir hierdie gemeente se fisiese en geestelike groei.

Tronk bediening

Hierdie jaar was Beyers een tot twee maal per week by die jeug gevangenis saam met YWAM betrokke om verskeie kursusse aantebied. In totaal is die gevangenis 48 keer hierdie jaar deur die span besoek.
Te midde van baie uitdagings het ons verskeie deurbrake beleef.
Bid asseblief vir die volhardende werk van die Heilige Gees in elkeen van die gevangenis en dat Hy die na prediker sal wees wat hulle sal help om dit wat hulle geleer het hul eie te maak.

your mission our passion

Go Konferensie

Die konferensie van 2011 was 'n reuse-sukses. Daar was 'n hele aantal getuienisse van mense wie se lewens deur die konferensie geraak en verander is.
Ons is alreeds besig met die reëlings van volgende jaar se konferensie wat DV **20-24 Junie 2012** in Mosselbaai gaan plaasvind.
Ons vra ook julle voorbidding hiervoor asseblief.

conference go 2012

Gebed

Tydens ’n afsonderings week in November het die Here die belangrikheid van gebed as basis van alles weereens vir ons benadruk. Ons het vir **Leon Coetzee** wat die gebed werkswinkel tydens die konferensie aangebied het, uitgenooi om in **Februarie 2012** weer ‘n gebed seminaar te fasiliteer.

Wanneer die altaar van gebed herstel en herbou word, in ons huise en in ons gemeenskappe, word die krag, outoriteit en heerskappy van God vrygestel.

Ons sal sien en beleef hoe gemeenskappe verander in plekke van vrede en voorspoed !
Die krag van gebed het tot gevolg dat Koninkryke val en volke en nasies gered word !

Mag ons dit in 2012 beleef!



Baie dankie vir elkeen se ondersteuning en bydraes gedurende 2011!

Shalom
Beyers, Christelle, Diaan, Hanrè en Zanè